Deurskynende Seep.

Om jou eie deurkynende seep te maak benodig jy die volgende:
500 g deursigtige seepkorrels, 5 ml pampoenpitolie, 2,5 ml basilie-olie, 2,5 ml vlugtige olie van suurlemoentiemie, 5 ml gedroogde basilie en 5 ml vars tiemie.
Smelt die seepkorrels in 'n vlekvryestaalpot oor die laagste hitte.
Dit moet nie kook nie, want dit sal die seep melkerig laat word.
Haal die pot van die plaat af en laat dit 'n paar minute afkoel voordat jy die olies byvoeg.
Voeg die kruie by en roer met 'n vlekvrye staallepel of plastiekspatula.
Giet die mengsel in klein, ronde plastiekbakkies en laat dit sowat een uur staan.
As die seep gestol het, kan jy dit uit die vorms haal en sny, verpak en gebruik.